Waarom wou God Moses doodmaak?

Waarom wou God vir Moses doodmaak (Eks. 4:34)?

Prof. G.J.C. Jordaan antwoord:

In Eksodus 4 : 24 - 26 lees ons van 'n nagtelike verskyning van die Here, hierdie keer aan Moses. Waar daar in Genesis 32 gesê word dat God die hele nag met Jakob geworstel het, word hier in Eksodus 4 niks van 'n worsteling gesê nie. Dit is egter duidelik dat die ontmoeting so ernstig was dat dit lyk asof God Moses wou doodmaak. Miskien was dit wel 'n worsteling soos die met Jakob in Genesis 32, want volgens vers 26 het God Moses met rus gelaat toe sy vrou hulle een seun besny het.

Dit bring ons uit by die rede waarom God Moses met die dood gedreig het. Moses en Sippora het twee seuns gehad, naamlik Gersom en Eliëser (Eks 18). Dit wil dan voorkom dat Moses die oudste van die twee seuns besny het — tot groot ontsteltenis van Sippora, wat dit as 'n bloederige affêre beskou het. Sy het so 'n groot weersin in die besnydenis gehad dat hulle tweede seun toe nie besny is nie.

Die feit dat Moses hierin aan Sippora toegegee het, was 'n daad van kleingeloof. God het immers reeds aan Abraham beveel dat al die seuns in sy nageslag besny moes word, as 'n verbondsteken van die Here. Daarom kom God daardie nag met Moses in 'n worsteling en dreig hom met die dood.

Sippora het dadelik besef dat Moses se lewe bedreig word omdat die seun nie besny is nie. Baie teësinnig gryp sy toe 'n skerp klip en voltrek die besnydenis. En toe het God Moses laat staan (vers 26).

GJC Jordaan

© by skrywer - 2007
www.christelikebiblioteek.co.za